Huge spekvet gesond – danksy suinige ekonomie

Joanita Cillié, Johannesburg

Een bedryf wat vir seker nie onder druk van swak ekonomiese tye ly nie, is die telekommunikasiebedryf.

"Ons diens word al hoe belangriker namate die ekonomie slegter raak," sê mnr. Anton Potgieter, uitvoerende hoof van die Huge-groep. Werknemers wend hulle volgens hom in dié tye na hul diensteverskaffers vir hulp om hul uitgawes so laag moontlik te hou. "Die afswaai help ons in 'n mate," sê Potgieter.

Huge Group, 'n telekommunikasiemaatskappy wat op die Alt^{X} genoteer is, se finansiële resultate vir die ses maande tot 31 Augustus is gister bekend gemaak.

Aangesien CentraCell en TelePassport onlangs eers saamgesmelt het om Huge Telecom te vorm, is die resultate nie direk vergelykbaar met dié van verlede jaar nie.

Wanneer die resultate van die afgelope ses maande met dié van die sewe maande tot op 28 Februarie vergelyk word, is die omset 27% hoër.

Potgieter meen die goeie resultate is 'n resultaat van die vinnige afhandeling van die samesmelting. Hy sê die resultate is moeilik vergelykbaar, maar redelik akkuraat.

Kernsyfers

- Omset: R308,9 miljoen (+27%)
- Toeskryfbare verdienste: R28,8 miljoen (+10%)
- Dividende: geen

Huge Telecom se markaandeel het ook met 2,5% gegroei van 18% tot 20,5%. Dít is heelwat vinniger as die plaaslike bedryf se groeikoers van sowat 18%.

Die groep het ook onlangs 'n 25%-belang in Eyeballs Mobile Advertising, waardeur bemarkingsboodskappe na selfoon-intekenaars gestuur kan word, verkry.

Potgieter sê die reaksie op dié bemarkingsformaat is baie goed en 'n kliëntebasis bou vinnig op.

"Bemarkers hou van die idee," sê hy.

Die groep wag steeds op die besluit van die Mededingingskommissie oor 'n transaksie tussen *MTN* en *i-Talk*.

MTN, wat reeds 41% van die diensteverskaffer besit, wil die ander 59%-belang ook bekom.

Huge het ook sy oog op dié aandele, wat sy totale belange in die mark sal verdubbel.

Die groep het verlede week met die mededingingsowerhede vergader en hoop dat die kommissie sy beslissing binne die volgende twee maande sal aankondig.